Leipie Nuus

30 JULIE - 10 AUGUSTUS 2018

Nommer 20/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 30 Julie

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 31 Julie

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstyde vs L/s Monumentpark o/13 (H/s Zwartkop), o/12 (weg)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 1 Augustus

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Skaak:	Wedstryde o/11 te Midstream Ridge, o/13 te Lyttelton Primary
Musiekblyspel:	Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Krieket:	Wedstryd o/9 vs L/s Monumentpark (H/s Centurion)
Wiskunde:	AMESA finale rondte (tuis)

Do 2 Augustus

Krieket:	Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15 Wedstryde vs L/s Monumentpark o/11 (H/s Zwartkop), o/10 (weg) o/12B vs L/s Hennopspark (weg)
Sagtebal:	Wedstyde vs L/s Pta-Oos (weg)
Hokkie:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Tennis:	Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Vr 3 Augustus

Landloop:	Liga 3 te L/s Vissershoek
Hokkie:	Wedstryd o/13 vs L/s Saamspan (tuis)

Ma 6 Augustus

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30 Wedstryd o/10B vs Hennopspark (weg)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Wedstryde seuns oop A1 vs Tygerpoort, seuns oop A2 vs Anton v Wouw seuns oop B2 vs Midstream College, o/11 seuns A vs Midstream College, o/11 seuns B1 vs Curro Hazeldean, o/11 seuns C1 vs Bakenkop, o/11 seuns C3 vs Monumentpark, dogters oop B2 vs Midstream College, dogters oop C1 vs Doringkloof, o/11 dogters D2 vs Bakenkop
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 7 Augustus

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstryd o/11B vs L/s Hennopspark (weg)
Sagtebal:	Wedstryde vs L/s Doringkloof (tuis)
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00 Wedstryd o/13 vs Springvale (weg)
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15
Wiskunde:	Olimpiade

Wo 8 Augustus

KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal

GEEN BUITEMUURSE AKTIWITEITE A.G.V DIE LANGNAWEEK

Do 9 Augustus

Vakansiedag:	Vrouedag

Vr 10 Augustus

Vakansiedag:	Skolevakansiedag

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

AKADEMIESE TOP 10:
Gr5
Carla Venter, Jana Kok, Tanya J v Rensburg, Shané Noppé, Zachary Boonzaaier, Jade v Huyssteen, Wiann Gous, Elmi Pretorius, Lia Ludick, Inke J v Rensburg.
Gr6
Shanike Jordaan, Josua Markram, Luché Steyn, Wouter Kielblock, Zoe Beeslaar, Gideon Markram, Erika Skea, Odette Dedekind, Nicci Louw, Marli Joubert.
Gr7
Mia v/d Heever, Mieke Badenhorst, Emma Viljoen, Deo-moré Beukes, Lourens Nel, Sherita Liebenberg, Jean-Mari Riekert, Danike Korf, Brigitte Martins, Delia Cloete.
Sagtebal: o/10A, o/12A, o/13A wen vs L/s Skuilkrans.
Krieket: o/11A, o/13A wen vs L/s Wonderboom

BELANGRIKE DATUMS:
9 Augustus: Vrouedag
10 Augustus: Skolevakansiedag
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel

UIT DIE KANTOOR:
Baie geluk aan Danike Korf Gr 7, ons eie koekedoortjie met haar algehele 2de plek in die landswye KykNet Koekedoortjie kompetisie. Ons is baie trots op ons eie Leipie!

Ons sport, kultuur en akademie is op dreef en dit gaan baie goed. Baie dankie vir almal se positiewe betrokkenheid.

OPGEDATEERDE KWARTAALBEPLANNING:
Die opgedateerde kwartaalbeplanning vir Augustus en September sal Maandag op die webblad en kommunikeerder geplaas word.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Mnr DT du Plessis tree 2006 uit diens. Mnr TN Benade (adjunkhoof) word aangestel as 5de permanente hoof van L/s Louis Leipoldt in 2007. Mnr PH Ferreira word in 2016 aangestel as 6de permanente hoof.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

MUSIEKBLYSPEL:
Alle uitstaande geld moet teen einde Julie betaal wees. Die bedrag per leerder om deel te neem is R400 en in die geval van meer as een leerder per gesin wat deelneem is dit R350 per leerder. **Geen kostuums sal uitgegee word voordat die volle bedrag nie betaal is nie.** Dit is moontlik dat u die uitstaande bedrag elektronies inbetaal het en u ons nie in kennis gestel het nie, of dat die verwysing: musiekblyspel/revue nie aangedui is toe u die betaling gedoen het nie. Geliewe ons dan van die datum van inbetaling te verwittig. Dit is ook moontlik dat die bedrag by die oudste kind se klasonderwyser inbetaal is en die registeronderwyser van ander kinders in die gesin nie daarvan kennis dra nie. Stel ons ook dan daarvan in kennis asseblief. Ouers wat nie verwysing bygevoeg het nie se gelde is by skoolfonds inbetaal. Stuur betaling vir musiekblyspel met verwysing musiekblyspel of stuur datum van inbetaling sodat ons die inbetaling kan opspoor.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

LEERDER PRESTASIES:
Ouers kan 'n vormpie soos op webblad (sien onder kommunikasie – nuusbrief) invul en vir saalopening instuur voor of op 'n Maandag. Dit word in die saal aangekondig. Daarna gaan die vormpie na die persoon wat die nuusbrief tik. Ouers kan ook die volledige inligting op hul eie papier skryf – naam en van, klas en volledige inligting is nodig. Sertifikate en medaljes hoef nie saamgestuur te word nie, slegs indien ouers verkies dat dit op verhoog oorhandig word. Neem asb kennis dat daar baie Maandae is wat daar nie saalopening plaasvind nie en dit aankondiging dan oorstaan na die eersvolgende keer wat daar saal is. Dit word dan eers op nuusbrief geplaas.

BOETIE/SUSSIE FOTO'S:
Eerste bestellings is uitgedeel. U is welkom om nog bestellings in te stuur. Enige navrae kontak asb Me v Rensburg by die skool bemariking@louisleipoldt.co.za

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

SKOOLDRAG:
Neem asb kennis dat onaangekondigde haar- en klereinspeksie plaasvind. Dit kom onder ons aandag dat leerders nie skoolskoene by skooldrag dra nie. Netjiese skooldrag is vir ons baie belangrik. Ouers moet asb help deur klere te merk en leerders aan te moedig om kledingstukke te soek indien verlore.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER